

AFGRI Grain Management

A division of AFGRI Agri Services Proprietary Limited

12 Byls Bridge Boulevard
Highveld Ext 73 Centurion 0157
PO Box 11054 Centurion 0046
afgri@afgri.co.za www.afgri.co.za

T + 27 11 063 2347

F + 27 87 942 7381



16 Februarie 2021

AFGRI Grain Management hersien fisiese verlies aftrekking op graan:

Geagte Belanghebbende

Graanmarkte is die afgelope dekade gekenmerk deur 'n skerp toename in die produksie van die meeste grane en oliesade. Verhoogde opbrengs per hektaar sowel as kort groeier variëteite om kort reënvalperiodes maksimaal te benut het daartoe gelei dat kultivars dikwels graan produseer wat as sagter en dus minder robuust ervaar word tydens hantering en opberging. Met die ontvangs en hantering van graan vind brekasie plaas en realiseer fisiese verliese. Daar is 'n persepsie dat die persentasie gebreke korrels die afgelope tyd gedurende die hantering en beweging van graan (vervoer na, binne en van silo's, oordrag na verwerkers ens.) toeneem.

AFGRI het SAGL (The Southern African Grain Laboratories) genader om op 'n wetenskaplike basis impak op AFGRI te bepaal. Die vraag is geopper of die huidige fisiese verliesaftrekking vir hantering (breekskade) en vogverlies tydens opberging nog geldig is. Die bespreking het ook gefokus op die vraag of SAGL-oeskwaliteit data bepaalde tendense van kwaliteitseienskappe soos Milling Index of streskrake (wit en geel mielies) en enige ander fisiese of graderingveranderinge (byvoorbeeld hektoliter massa) kan uitwys vir gewasse soos mielies, sorghum, koring, sojabone en sonneblom wat kan dui op 'n verhoogde neiging dat graan makliker breek tydens hantering en beweging as in die verlede.

SAGL doen sedert die 1998/1999-seisoen jaarlikse nasionale gewaskwaliteit-opnames. Aanvanklik was die fokus slegs op mielies en koring as die belangrikste stapelgewasse, maar namate die projek gegroei het, is gewasse soos sojabone, sorghum en sonneblom later bygevoeg.

Hierdie kwaliteitstoetse bestaan uit 'n reeks eienskappe wat vir elke gewas aangepas is en deur die industrie goedgekeur word. Monsters word jaarliks versamel by silopunte in die verskillende streke in elke provinsie deur SAGL. Hierdie streke word geïdentifiseer deur hul unieke nommer wat 'n sekere gebied met 'n spesifieke versamelpunt voorstel. SAGL doen hierdie opnames landwyd en die resultate word jaarliks publiek gepubliseer, aangesien dit deur die Landbou Trusts befonds word.

Die data wat deur die jare versamel is, bevat 'n magdom inligting en is uniek in die wêreld, want dit maak voorsiening vir tendensontledings en data-ontginning vanweë die groot omvang, met baie monsters wat oor baie jare en streke versamel is. AFGRI het SAGL genader met 'n versoek om die data wat relevant is vir die AFGRI-produksiestreke te ontleed en moontlike tendense te evalueer wat die toename in die vatbaarheid vir graanbrekasie sal verklaar in kombinasie met AFGRI se eie data wat oor tyd deur hul Ronin ART Inventory Management System versamel is.

Op grond van die uitslag van SAGL-data-ontginning en AFGRI se eie data, het AFGRI die besluit geneem om die persentasie fisiese verliesaftrekking soos volg te verhoog:

Graan	Huidige persentasie	Hersiende persentasie	Implimenterings datum
Mielies	0,75%	0,97%	1 Mei 2021
Sorghum	1,50%	1,75%	1 Mei 2021
Sojabone	0,30%	0,47%	1 Maart 2021



Jerry Maritz

Besturende Direkteur: AFGRI Grain Management